# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 457 | Cape Town, / Kaapstad, | 10 July / Julie 2003 | No. 25196

## THE PRESIDENCY

No. 1000 — 10 July 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 16 of 2003: Judicial Matters Amendment Act, 2003.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1000 — 10 Julie 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 16 van 2003: Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2003.**

25196
9 771682 584003

AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 4 July 2003.)*

# ACT

**To amend the Insolvency Act, 1936, so as to insert a definition of Minister; to enable the Cabinet member responsible for the administration of justice to determine policy for, and further regulate, the appointment of *curatores bonis*, trustees, provisional trustees and co-trustees by the Masters of the High Courts; to amend the Administration of Estates Act, 1965, so as to provide for the appointment of a Chief Master of the High Courts; to amend the Companies Act, 1973, so as to enable the Cabinet member responsible for the administration of justice to determine policy for, and further regulate, the appointment of liquidators, provisional liquidators, co-liquidators and provisional judicial managers by the Masters of the High Courts; to amend the Close Corporations Act, 1984, so as to enable the Cabinet member responsible for the administration of justice to determine policy for, and further regulate, the appointment of liquidators by the Masters of the High Courts; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 2 of Act 24 of 1936, as amended by section 2 of Act 16 of 1943, section 1 of Act 6 of 1972, section 1 of Act 27 of 1987, section 4 of Act 57 of 1993, section 1 of Act 157 of 1993 and section 1 of Act 49 of 1996**

**1.** Section 2 of the Insolvency Act, 1936 (hereinafter referred to as the Insolvency Act), is amended by the insertion after the definition of "messenger" of the following definition:

> " 'Minister' means the Cabinet member responsible for the administration of justice;".

**Amendment of section 5 of Act 24 of 1936, as amended by section 4 of Act 16 of 1943, section 1 of Act 99 of 1965 and section 1 of Act 101 of 1983**

**2.** Section 5 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

> "(2) After the publication of a notice of surrender as aforesaid in the *Gazette* the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a *curator bonis* to the debtor's estate, who shall forthwith take the estate into his or her custody and take over the control of any business or undertaking of the debtor,

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 4 Julie 2003.)*

# WET

**Tot wysiging van die Insolvensiewet, 1936, ten einde 'n woordomskrywing van Minister in te voeg; die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is in staat te stel om beleid te bepaal vir die aanstelling van *curatores bonis*, kurators, voorlopige kurators en mede-kurators deur die Meesters van die Hoë Howe en sodanige aanstelling verder te reël; tot wysiging van die Boedelwet, 1965, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Hoofmeester van die Hoë Howe; tot wysiging van die Maatskappywet, 1973, ten einde die die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is in staat te stel om beleid te bepaal vir die aanstelling van likwidateurs, voorlopige likwidateurs, mede-likwidateurs en voorlopige geregtelike bestuurders deur die Meesters van die Hoë Howe en sodanige aanstelling verder te reël; tot wysiging van die Wet op Beslote Korporasies, 1984, ten einde die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is in staat te stel om beleid te bepaal vir die aanstelling van likwidateurs deur die Meesters van die Hoë Howe en sodanige aanstelling verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 16 van 1943, artikel 1 van Wet 6 van 1972, artikel 1 van Wet 27 van 1987, artikel 4 van Wet 57 van 1993, artikel 1 van Wet 157 van 1993 en artikel 1 van Wet 49 van 1996**

**1.** Artikel 2 van die Insolvensiewet, 1936 (hierna die Insolvensiewet genoem), word gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "geregsbode" in te voeg:

" 'Minister' beteken die Kabinetslid wat vir die regspleging verantwoordelik is;".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 16 van 1943, artikel 1 van Wet 99 van 1965 en artikel 1 van Wet 101 van 1983**

**2.** Artikel 5 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Na die publikasie in die *Staatskoerant* van 'n kennisgewing van boedeloorgawe, **[soas]** soos vermeld, kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n *curator bonis* oor die skuldenaar se boedel aanstel. Daarop neem die *curator bonis* die boedel onverwyld in sy of haar bewaring en neem die beheer oor van elke besigheid of onderneming van die skuldenaar, asof hy of sy die skuldenaar was, **[soas]** soos die Meester mog

as if he or she were the debtor, as the Master may direct, including any business the debtor is licensed to carry on in terms of the Liquor Act, **[1928]** 1989 (Act No. 27 of 1989), but subject in every case, *mutatis mutandis*, to the provisions of section **[*seventy*]** 70.".

**Amendment of section 18 of Act 24 of 1936, as amended by section 11 of Act 16 of 1943**

**3.** Section 18 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) As soon as an estate has been sequestrated (whether provisionally or finally) or when a person appointed as trustee ceases to be trustee or to function as such, the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a provisional trustee to the estate in question who shall give security to the satisfaction of the Master for the proper performance of his or her duties as provisional trustee and shall hold office until the appointment of a trustee.".

**Amendment of section 19 of Act 24 of 1936, as amended by section 11 of Act 50 of 1956, section 5 of Act 99 of 1965, sections 46 and 47 of Act 97 of 1986 and section 5 of Act 122 of 1993**

**4.** Section 19 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"The Minister **[of Justice]** may by notice in the *Gazette* amend the said tariff A and rules.".

**Amendment of section 54 of Act 24 of 1936**

**5.** Section 54 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) If at any meeting of creditors convened for the purpose of electing a trustee, no trustee is elected and the estate is not vested at the time of that meeting in a provisional trustee, the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a trustee and if he or she does not so appoint a trustee, the Master or the insolvent with the Master's consent, may apply, at the cost of the estate, to the court by petition to set aside the sequestration and the court may make such order thereon as it thinks fit.".

**Amendment of section 57 of Act 24 of 1936, as amended by section 17 of Act 99 of 1965**

**6.** Section 57 of the Insolvency Act is amended by—

*(a)* the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If the Master declines, for any reason mentioned in subsection (1), to confirm the election of a person who was elected as trustee at a meeting mentioned in subsection (2), or to appoint a person so elected, he or she shall act in accordance with the provisions of subsection (1) and thereupon, if the person whose election the Master declined to confirm or whom the Master declined to appoint, was elected as sole trustee, or if two trustees were elected and the Master did not appoint both or one of them, the Master shall, in accordance with policy determined by the Minister, appoint as trustee of the estate in question any other person who is not disqualified from being a trustee of that estate.";

*(b)* the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Whenever the Master considers it desirable, he or she may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a person not disqualified from holding the office of trustee who has given the security mentioned in **[sub-section (2) of section *fifty-six*]** section 56(2) as a co-trustee with the trustee or trustees of an insolvent estate."; and

voorskryf, met inbegrip van enige besigheid wat die skuldenaar gelisensieer is om te drywe ingevolge die Drankwet, **[1928]** 1989 (Wet No. 27 van 1989), maar onderworpe in elke geval, *mutatis mutandis*, aan die bepalings van artikel **[*sewentig*]** 70.".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 16 van 1943**

**3.** Artikel 18 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Sodra 'n boedel gesekwestreer is (hetsy voorlopig of finaal) of wanneer iemand wat as kurator aangestel is, ophou om kurator te wees of om as sodanig op te tree, dan kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n voorlopige kurator vir die betrokke boedel aanstel, wat sekuriteit moet stel, waarmee die Meester genoeë neem, dat hy of sy sy of haar pligte as voorlopige kurator behoorlik sal nakom en wat sy of haar betrekking beklee totdat 'n kurator aangestel word.".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 50 van 1956, artikel 5 van Wet 99 van 1965, artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986 en artikel 5 van Wet 122 van 1993**

**4.** Artikel 19 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die Minister **[van Justisie]** kan bedoelde tarief A en reëls by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig.".

**Wysiging van artikel 54 van Wet 24 van 1936**

**5.** Artikel 54 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) As op 'n byeenkoms van skuldeisers, belê om 'n kurator te kies, geen kurator gekies word nie en die beheer van die boedel tydens daardie byeenkoms nie by 'n voorlopige kurator berus nie, dan kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n kurator aanstel en as hy of sy nie aldus 'n kurator aanstel nie dan kan die Meester of die insolvent met toestemming van die Meester, op koste van die boedel, die hof by wyse van petisie versoek om die sekwestrasie tot niet te maak en die hof kan daarop so 'n order uitvaardig as wat **[hy]** die hof wenslik ag.".

**Wysiging van artikel 57 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 99 van 1965**

**6.** Artikel 57 van die Insolvensiewet word gewysig deur—

*(a)* subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) As die Meester om enige in subartikel (1) bedoelde rede weier om die verkiesing te bekragtig van 'n persoon wat op 'n in subartikel (2) bedoelde byeenkoms as kurator gekies is, of om 'n aldus gekosene aan te stel, moet hy of sy handel ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) en daarop, as die persoon wie se verkiesing die Meester geweier het om te bekragtig of wat die Meester geweier het om aan te stel, as **[enige]** die enigste kurator gekies was, of as twee kuratore gekies was, en die Meester nie albei of een van hulle aangestel het nie, dan moet die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, as kurator van die betrokke boedel iemand anders aanstel wat nie onbevoeg is om kurator van daardie boedel te wees nie.";

*(b)* subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Wanneer die Meester dit wenslik ag, kan hy of sy, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, iemand wat nie onbevoeg is om die betrekking van kurator te beklee nie en wat die sekuriteit, bedoel in **[sub-artikel (2) van artikel *ses-en-vyftig*]** artikel 56(2), gestel het, aanstel as mede-kurator van die kurator of kurators van 'n insolvente boedel."; en

*(c)* the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Any person aggrieved by the appointment of a trustee or the refusal of the Master to confirm the election of a trustee or to appoint a person elected as a trustee, may within a period of seven days from the date of such appointment or refusal request the Master in writing to submit his or her reasons for such appointment or refusal to the Minister **[of Justice]**.".

**Amendment of section 62 of Act 24 of 1936, as amended by section 19 of Act 99 of 1965**

**7.** Section 62 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) When a sole trustee has vacated his or her office or has been removed from office, has resigned or died, the Master shall convene a meeting of the creditors of the estate in question for the purpose of electing a new trustee, and in the meantime the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a provisional trustee for the preservation of the estate.".

**Amendment of section 63 of Act 24 of 1936, as amended by section 12 of Act 50 of 1956 and sections 46 and 47 of Act 97 of 1986**

**8.** Section 63 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (1)*bis* of the following subsection:

"(1)*bis* The Minister **[of Justice]** may by notice in the *Gazette* amend the said tariff B.".

**Amendment of section 95 of Act 24 of 1936**

**9.** Section 95 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any creditor claiming to be entitled to share in the said distribution shall make written application to the Master for payment of his or her share, and the Master may pay out to such creditor or may hand the money to the trustee, if any, for distribution among the creditors entitled thereto, or, if there is no trustee, may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a trustee on such conditions as he or she may think fit to impose for the purpose of making such distribution.".

**Amendment of section 98A of Act 24 of 1936, as inserted by section 2 of Act 122 of 1998**

**10.** Section 98A of the Insolvency Act is amended by—

*(a)* the substitution for paragraphs *(a)*, *(b)*, *(c)* and *(d)* of subsection (2) of the following paragraphs:

"(2) *(a)* In order to ensure that the balance of the free residue is applied in an equitable manner, the Minister **[of Justice]** may by notice in the *Gazette* determine maximum amounts which shall be paid out in terms of subsection (1) in respect of—

(i) paragraph *(a)*, any or all the subparagraphs thereof or any single employee; and

(ii) paragraph *(b)* or any single scheme or fund,

and different maximum amounts may be so determined in respect of different schemes or funds.

*(b)* In order to take into account subsequent fluctuations in the value of money, the Minister **[of Justice]** may from time to time supplement, amend or withdraw the relevant maximum amounts by like notice in the *Gazette*.

*(c)* The Minister **[of Justice]** may at any time replace a notice referred to in paragraph *(a)* with a new notice issued under the said paragraph *(a)*.

*(c)* subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Iemand wat homself of haarself verongelyk ag deur die aanstelling van 'n kurator of deur die Meester se weiering om die verkiesing van 'n kurator te bekragtig of om 'n persoon wat as kurator verkies is, aan te stel, kan binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die dag van so 'n aanstelling of weiering die Meester skriftelik versoek om sy of haar redes vir daardie aanstelling of weiering aan die Minister **[van Justisie]** te verstrek.".

**Wysiging van artikel 62 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 99 van 1965**

**7.** Artikel 62 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Wanneer 'n enigste kurator sy of haar betrekking ontruim of bedank het of afgesit of oorlede is, dan moet die Meester 'n byeenkoms van die skuldeisers van die betrokke boedel belê om 'n nuwe kurator te kies en in die tussentyd kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n voorlopige kurator tot behoud van die boedel aanstel.".

**Wysiging van artikel 63 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 50 van 1956 en artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986**

**8.** Artikel 63 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (1)*bis* deur die volgende subartikel te vervang:

"(1)*bis* Die Minister **[van Justisie]** kan bedoelde tarief B by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig.".

**Wysiging van artikel 95 van Wet 24 van 1936**

**9.** Artikel 95 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Skuldeiser wat beweer dat hy of sy geregtig is om by bedoelde verdeling in aanmerking te kom, moet by die Meester skriftelik aansoek doen om betaling van sy of haar aandeel en die Meester kan daardie skuldeiser uitbetaal of kan die geld aan die kurator oorhandig (as daar een is), ter verdeling onder die skuldeisers wat daarop geregtig is, of as daar geen kurator is nie, dan kan hy of sy, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n kurator aanstel op die voorwaardes wat die Meester mag wenslik ag om te stel, om daardie verdeling te maak.".

**Wysiging van artikel 98A van Wet 24 van 1936, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 122 van 1998**

**10.** Artikel 98A van die Insolvensiewet word gewysig deur—

*(a)* paragrawe *(a)*, *(b)*, *(c)* en *(d)* van subartikel (2) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(2) *(a)* Ten einde te verseker dat die orige van die vrye oorskot op 'n billike wyse aangewend word, kan die Minister **[van Justisie]** by kennisgewing in die *Staatskoerant* maksimum bedrae bepaal wat ingevolge subartikel (1) uitbetaal **[mag]** moet word ten opsigte van—

(i) paragraaf *(a)*, enige van of al die subparagrawe daarvan of 'n enkele werknemer; en

(ii) paragraaf *(b)* of 'n enkele skema of fonds,

en verskillende maksimum bedrae kan aldus ten opsigte van verskillende skemas of fondse bepaal word.

*(b)* Ten einde daaropvolgende skommelings in die waarde van geld in berekening te bring, kan die Minister **[van Justisie]** van tyd tot tyd die betrokke maksimum bedrae by dergelike kennisgewing in die *Staatskoerant* aanvul, wysig of intrek.

*(c)* Die Minister **[van Justisie]** kan te eniger tyd 'n kennisgewing bedoel in paragraaf *(a)* vervang deur 'n nuwe kennisgewing wat kragtens genoemde paragraaf *(a)* uitgereik is.

*(d)* The Minister **[of Justice]** shall not exercise the powers conferred upon him or her by paragraph *(a)* or *(c)*, unless he or she—

(i) has caused to be published in the *Gazette* a draft of the proposed notice, together with a notice inviting all interested parties to lodge with the Director-General: Justice and Constitutional Development in writing within a period of 60 days from the date of the publication of the notice any representations that they may wish to make in connection with the proposed notice; and

(ii) has caused to be forwarded to the National Economic, Development and Labour Council established by section 2(1) of the National Economic, Development and Labour Council Act, 1994 (Act No. 35 of 1994), a copy of such draft."; and

*(b)* the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of subsection (6) of the following words:

"(6) The Minister **[of Justice]** may, after consultation with the National Economic, Development and Labour Council established by section 2(1) of the National Economic, Development and Labour Council Act, 1994, by notice in the *Gazette* exclude from the operation of the provisions of this section a category of employees, schemes or funds specified in the notice—".

**Amendment of section 153 of Act 24 of 1936, as amended by section 21 of Act 62 of 1955 and sections 46 and 47 of Act 97 of 1986**

**11.** Section 153 of the Insolvency Act is amended by the substitution for subsection (1)*bis* of the following subsection:

"(1)*bis* The Minister **[of Justice]** may from time to time by notice in the *Gazette* amend the said Third Schedule.".

**Substitution of section 158 of Act 24 of 1936, as amended by section 46 of Act 97 of 1986**

**12.** The following section is substituted for section 158 of the Insolvency Act:

**"Regulations and policy**

**158.** (1) The Minister **[of Justice]** may from time to time make regulations not inconsistent with the provisions of this Act, prescribing—

*(a)* the procedure to be observed in any Master's office in connection with insolvent estates;

*(b)* the form of, and manner of conducting proceedings under this Act;

*(c)* the manner in which fees payable under this Act shall be paid and brought to account.

(2) The Minister may determine policy for the appointment of a *curator bonis*, trustee, provisional trustee or co-trustee by the Master in order to promote consistency, fairness, transparency and the achievement of equality for persons previously disadvantaged by unfair discrimination.

(3) Any policy determined in accordance with the provisions of subsection (2) must be tabled in Parliament before publication in the *Gazette*.".

**Substitution of section 158*bis* of Act 24 of 1936, as inserted by section 13 of Act 50 of 1956 and amended by sections 46 and 47 of Act 97 of 1986**

**13.** The following section is substituted for section 158*bis* of the Insolvency Act:

*(d)* Die Minister **[van Justisie]** mag nie die bevoegdhede by paragraaf *(a)* of *(c)* aan hom of haar verleen, uitoefen nie, tensy hy of sy—

(i) 'n konsep van die voorgestelde kennisgewing in die *Staatskoerant* laat publiseer het, tesame met 'n kennisgewing waarby alle belanghebbendes uitgenooi word om binne 'n tydperk van 60 dae vanaf die datum van die publikasie van die kennisgewing enige vertoë wat hulle in verband met die voorgestelde kennisgewing wil rig skriftelik by die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling in te dien; en

(ii) 'n afskrif van so 'n konsep aan die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad ingestel by artikel 2(1) van die Wet op die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, 1994 (Wet No. 35 van 1994), laat aanstuur het."; en

*(b)* die woorde wat paragraaf *(a)* van subartikel (6) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(6) Die Minister **[van Justisie]** kan, na oorlegpleging met die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad ingestel by artikel 2(1) van die Wet op die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad, 1994, by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kategorie werknemers, skemas of fondse in die kennisgewing vermeld van die werking van die bepalings van hierdie artikel uitsluit—".

**Wysiging van artikel 153 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 62 van 1955 en artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986**

**11.** Artikel 153 van die Insolvensiewet word gewysig deur subartikel (1)*bis* deur die volgende subartikel te vervang:

"(1)*bis* Die Minister **[van Justisie]** kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* bedoelde Derde Bylae van tyd tot tyd wysig.".

**Vervanging van artikel 158 van Wet 24 van 1936, soos gewysig deur artikel 46 van Wet 97 van 1986**

**12.** Artikel 158 van die Insolvensiewet word deur die volgende artikel vervang:

"**Regulasies en beleid**

**158.** (1) Die Minister **[van Justisie]** kan van tyd tot tyd regulasies uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Wet in stryd is nie, waarin voorgeskrywe word—

*(a)* die prosedure wat in 'n Meesterskantoor in verband met insolvente boedels gevolg moet word;

*(b)* die vorm en wyse van uitvoering van verrigtings ingevolge hierdie Wet;

*(c)* die wyse waarop leges wat ingevolge hierdie Wet verskuldig is, betaal en verantwoord moet word.

(2) Die Minister kan die beleid bepaal vir die aanstelling deur die Meester van 'n *curator bonis*, kurator, voorlopige kurator of mede-kurator ten einde eenvormigheid, billikheid, deursigtigheid en die bereiking van gelykheid vir persone wat voorheen deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bevorder.

(3) Die beleid wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) bepaal word, moet voor publikasie in die *Staatskoerant* in die Parlement ter tafel gelê word.".

**Vervanging van artikel 158*bis* van Wet 24 van 1936, soos ingevoeg deur artikel 13 van Wet 50 van 1956 en gewysig deur artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986**

**13.** Artikel 158*bis* van die Insolvensiewet word deur die volgende artikel vervang:

**"Minister [of Justice] may amend First Schedule**

**158.***bis*. The Minister **[of Justice]** may by notice in the *Gazette* amend the First Schedule.".

**Amendment of section 2 of Act 66 of 1965, as amended by section 2 of Act 79 of 1971, section 35 of Act 47 of 1997 and section 2 of Act 20 of 2001**

**14.** Section 2 of the Administration of Estates Act, 1965, is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to subsection (2) and the laws governing the public service, the Minister—

*(a)* shall appoint a Chief Master of the High Courts, who shall, as such, be the executive officer of the Master's offices and exercise such supervision over all the Masters as may be necessary in order to bring about uniformity in their practice and procedure;

*(b)* shall, in respect of the area of jurisdiction of each High Court, appoint a Master of the High Court; and

*(c)* may, in respect of each such area, appoint one or more Deputy Masters of the High Court and one or more Assistant Masters of the High Court, who may, subject to the control, direction and supervision of the Master, do anything which may lawfully be done by the Master.".

**Substitution of section 15 of 61 of 1973, as amended by section 1 of Act 111 of 1976, section 2 of Act 59 of 1978 and section 4 of Act 35 of 2001**

**15.** The following section is substituted for section 15 of the Companies Act, 1973 (hereinafter referred to as the Companies Act):

**"Regulations and policy**

**15.** (1) The Minister may make regulations—

*(a)* providing for the conduct and administration of the Companies Registration Office and prescribing the practice and procedure to be observed therein;

*(b)* prescribing the practice and procedure to be observed in the office of the Master in connection with the winding-up and judicial management of companies;

*(b*A*)* providing for the reproduction of any records in the Companies Registration office or the office of the Master by microfilm, microcard, miniature photographic process, the conversion into electronic format in such a way as to allow such records to be reconverted without changing their original contents or any other process deemed suitable by the Minister;

*(b*B*)* providing for the use for official purposes and the admissibility in evidence in any proceedings, whether in a court of law or otherwise, of any reproduction contemplated in paragraph *(b*A*)*; **[and]**

*(c)* providing for the keeping and preservation of any records, or any reproduction thereof contemplated in paragraph *(b*A*)*, in the Companies Registration office or the office of the Master, the removal from such offices and preservation in any other place of such records or reproductions and prescribing the circumstances under which any such records or reproductions may be destroyed;

*(c*A*)* prescribing how records required under this Act to be kept by a company may be kept, and prescribing the circumstances under which any such records may be destroyed;

*(d)* prescribing the procedure to be followed with respect to any matter in connection with the winding-up and judicial management of companies;

*(e)* prescribing the form and the contents of any return, notice or form provided for by this Act;

**"Minister [van Justisie] kan Eerste Bylae wysig**

**158.***bis*. Die Minister **[van Justisie]** kan die Eerste Bylae by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig.".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 79 van 1971, artikel 35 van Wet 47 van 1997 en artikel 2 van Wet 20 van 2001**

**14.** Artikel 2 van die Boedelwet, 1965, word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **[Die Minister stel, behoudens]** Behoudens subartikel (2) en die wette op die Staatsdiens—

*(a)* stel die Minister 'n Hoofmeester van die Hoë Howe aan, wat, as sodanig, die uitvoerende beampte van die Meesterskantore is en die toesig oor alle Meesters uitoefen wat nodig is ten einde eenvormigheid in hul praktyk en prosedures mee te bring;

*(b)* stel die Minister, ten opsigte van die regsgebied van iedere Hoë Hof, 'n Meester van die Hoë Hof aan; en

*(c)* kan die Minister, ten opsigte van iedere sodanige gebied, een of meer Adjunk-meesters van die Hoë Hof en een of meer Assistent-meesters van die Hoë Hof aldus aanstel, wat, onder die beheer, leiding en toesig van die Meester, bevoeg is om alles te doen wat die Meester wettiglik kan doen.".

**Vervanging van artikel 15 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 111 van 1976, artikel 2 van Wet 59 van 1978 en artikel 4 van Wet 35 van 2001**

**15.** Artikel 15 van die Maatskappywet, 1973 (hierna die Maatskappywet genoem), word deur die volgende artikel vervang:

**"Regulasies en beleid**

**15.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

*(a)* wat vir die bestuur en administrasie van die Registrasiekantoor vir Maatskappye voorsiening maak en die praktyk en prosedure wat daarin gevolg moet word, voorskryf;

*(b)* wat die praktyk en prosedure voorskryf wat in die kantoor van die Meester in verband met die likwidasie en geregtelike bestuur van maatskappye gevolg moet word;

*(bA)* wat voorsiening maak vir die reproduksie van stukke in die Registrasiekantoor vir Maatskappye of die kantoor van die Meester deur middel van mikrofilm, mikrokaart, miniatuur-fotografiese proses, die omskepping in elektroniese formaat op so 'n wyse wat toelaat dat sodanige stukke terug omskep kan word sonder wysiging van hulle oorspronklike inhoud of 'n ander proses wat die Minister doelmatig ag;

*(bB)* wat voorsiening maak vir die gebruik vir amptelike doeleindes en die toelaatbaarheid as getuienis in verrigtinge, hetsy in 'n geregshof of andersins, van 'n reproduksie beoog in paragraaf *(bA)*;

*(c)* wat voorsiening maak vir die hou en bewaring van stukke, of enige reproduksie daarvan beoog in paragraaf *(bA)*, in die Registrasiekantoor vir Maatskappye of die kantoor van die Meester, die verwydering van sodanige stukke of reproduksies uit daardie kantore en die bewaring daarvan op 'n ander plek, en wat die omstandighede voorskryf waaronder enige sodanige stukke of reproduksies vernietig kan word;

*(cA)* wat voorskryf hoe stukke gehou mag word wat kragtens hierdie Wet deur 'n maatskappy gehou moet word, en wat die omstandighede voorskryf waaronder enige sodanige stukke vernietig kan word;

*(d)* wat voorskryf watter prosedure gevolg moet word met betrekking tot enige aangeleentheid in verband met die likwidasie en geregtelike bestuur van maatskappye;

*(e)* wat die vorm en inhoud voorskryf van 'n opgawe, kennisgewing of vorm waarvoor hierdie Wet voorsiening maak;

*(f)* prescribing when an additional copy or copies of documents to be lodged under the Act shall require to be lodged and whether such additional copy or copies shall be in the form of a copy or copies certified in the manner prescribed or shall be in duplicate original form;

*(g)* in consultation with the Minister of Finance, prescribing the matters in respect of which fees shall be payable and the tariff of such fees;

*(h)* providing for a table of fees, subject to taxation by the Master, which shall be payable to a liquidator as remuneration;

*(i)* prescribing a tariff of remuneration payable to any person performing on behalf of a liquidator any act relating to the winding-up of a company, and prohibiting the charging or recovery of remuneration at a higher tariff than the tariff so prescribed;

*(j)* in consultation with the Minister of Finance, prescribing the remuneration and allowances of members of the standing advisory committee and its standing sub-committees and the conditions upon which such members are appointed;

*(k)* as to any matter required or permitted by this Act to be prescribed by regulation; and

*(l)* generally, as to any matter which he or she considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

(1A) *(a)* The Minister may determine policy for the appointment of a provisional liquidator, co-liquidator, liquidator or provisional judicial manager by the Master in order to promote consistency, fairness, transparency and the achievement of equality for persons previously disadvantaged by unfair discrimination.

*(b)* Any policy determined in accordance with the provisions of paragraph *(a)* must be tabled in Parliament before publication in the *Gazette*.

(2) Any regulations made under subsection (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith not exceeding a fine **[of one hundred rand]** or imprisonment for a period of six months or both **[such]** a fine and such imprisonment.".

**Substitution of section 368 of Act 61 of 1973, as substituted by section 28 of Act 83 of 1981**

**16.** The following section is substituted for section 368 of the Companies Act:

**"Appointment of provisional liquidator**

**368.** As soon as a winding-up order has been made in relation to a company, or a special resolution for a voluntary winding-up of a company has been registered in terms of section 200, the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint any suitable person as provisional liquidator of the company concerned, who shall give security to the satisfaction of the Master for the proper performance of his or her duties as provisional liquidator and who shall hold office until the appointment of a liquidator.".

**Substitution of section 374 of Act 61 of 1973**

**17.** The following section is substituted for section 374 of the Companies Act:

**"Master may appoint co-liquidator at any time**

**374.** Whenever the Master considers it desirable he or she may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint any person not disqualified from holding the office of liquidator and who has given security to his or her satisfaction, as a co-liquidator with the liquidator or liquidators of the company concerned.".

*(f)* wat voorskryf wanneer 'n verdere afskrif of afskrifte van dokumente, ingedien te word kragtens die Wet, ingedien moet word en of sodanige verdere afskrif of afskrifte in die vorm van 'n afskrif of afskrifte op die voorgeskrewe wyse gesertifiseer of in duplikaat-oorspronklike vorm moet wees;

*(g)* in oorleg met die Minister van Finansies, wat die aangeleenthede ten opsigte waarvan gelde betaalbaar is en die tarief van daardie gelde voorskryf;

*(h)* wat 'n tabel van gelde, onderworpe aan taksasie deur die Meester, wat aan 'n likwidateur as besoldiging betaalbaar is, voorskryf;

*(i)* wat 'n tarief van besoldiging betaalbaar aan iemand wat namens 'n likwidateur 'n handeling betreffende die likwidasie van 'n maatskappy verrig, voorskryf en wat die heffing of verhaal van besoldiging teen 'n hoër tarief as die aldus voorgeskrewe tarief, verbied;

*(j)* in oorleg met die Minister van Finansies, wat die vergoeding en toelaes van lede van die vaste advieskomitee en sy vaste subkomitees en die voorwaardes waarop sodanige lede aangestel word, voorskryf;

*(k)* aangaande 'n aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word; en

*(l)* oor die algemeen, aangaande 'n aangeleentheid wat hy of sy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

(1A) *(a)* Die Minister kan die beleid bepaal vir die aanstelling deur die Meester van 'n voorlopige likwidateur, mede-likwidateur, likwidateur of voorlopige geregtelike bestuurder ten einde eenvormigheid, billikheid, deursigtigheid en die bereiking van gelykheid vir persone wat voorheen deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bevorder.

*(b)* Die beleid wat ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(a)* bepaal word, moet voor publikasie in die *Staatskoerant* in die Parlement ter tafel gelê word.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, voorskryf wat 'n boete **[van honderd rand]** of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande of sowel **[sodanige]** 'n boete as sodanige gevangenisstraf nie te bowe gaan nie.".

**Vervanging van artikel 368 van Wet 61 van 1973, soos vervang deur artikel 28 van Wet 83 van 1981**

**16.** Artikel 368 van die Maatskappywet word deur die volgende artikel vervang:

"**Aanstelling van voorlopige likwidateur**

**368.** Sodra 'n likwidasiebevel met betrekking tot 'n maatskappy gegee is of 'n spesiale besluit vir 'n maatskappy se vrywillige likwidasie ingevolge artikel 200 geregistreer is, kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n geskikte persoon as voorlopige likwidateur van die betrokke maatskappy aanstel, wat sekerheid tot bevrediging van die Meester moet stel vir die behoorlike nakoming van sy of haar pligte as voorlopige likwidateur en wat die amp moet beklee totdat 'n likwidateur aangestel is.".

**Vervanging van artikel 374 van Wet 61 van 1973**

**17.** Artikel 374 van die Maatskappywet word deur die volgende artikel vervang:

"**Meester kan mede-likwidateur te eniger tyd aanstel**

**374.** Wanneer die Meester dit wenslik ag, kan hy of sy, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n persoon wat nie onbevoeg is om die amp van likwidateur te beklee nie en wat sekerheid tot sy of haar bevrediging gestel het, as mede-likwidateur met die likwidateur of likwidateurs van die betrokke maatskappy aanstel.".

**Amendment of section 377 of Act 61 of 1973**

**18.** Section 377 of the Companies Act is amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Subject to the proviso to subsection (1), if for any reason a vacancy is not filled as provided in this section, the Master may, in accordance with policy determined by the Minister, appoint any person as provisional liquidator or as liquidator to fill such vacancy.".

**Amendment of section 429 of Act 61 of 1973**

**19.** Section 429 of the Companies Act is amended by the substitution for subparagraph (i) of paragraph *(b)* of the following subparagraph:

"(i) appoint, in accordance with policy determined by the Minister, a provisional judicial manager (who shall not be the auditor of the company or any person disqualified under this Act from being appointed as liquidator in a winding-up) who shall give such security for the proper performance of his or her duties in his or her capacity as such, as the Master may direct, and who shall hold office until discharged by the Court as provided in section 432(3)*(a)*;".

**Substitution of section 10 of Act 69 of 1984, as amended by section 2 of Act 38 of 1986 and section 4 of Act 22 of 2001**

**20.** The following section is substituted for section 10 of the Close Corporations Act, 1984 (hereinafter referred to as the Close Corporations Act):

"**Regulations and policy**

**10.** (1) The Minister may make regulations—

*(a)* providing for the conduct and administration of the Registration Office, and prescribing the practice and procedure to be observed therein;

*(b)* prescribing the practice and procedure to be observed in the office of the Master in connection with the winding-up of corporations;

*(c)* providing for the reproduction of any records relating to corporations in the Registration Office or the office of the Master by means of microfilm, microcard, miniature photographic process, the conversion into electronic format in such a way as to allow such records to be reconverted to their original form without changing their original contents or form or any other process deemed suitable by the Minister;

*(d)* providing for the use for official purposes and the admissibility in evidence in any proceedings, whether in a court of law or otherwise, of any reproduction contemplated in paragraph *(c)*;

*(e)* providing for the keeping and preservation of any records, or any reproductions thereof contemplated in paragraph *(c)*, in the Registration Office or the office of the Master, the removal from such offices of such records or reproductions and the preservation thereof in any other place, and prescribing the circumstances under which such records or reproductions may be destroyed;

*(f)* prescribing how records required under this Act to be kept by a corporation may be kept, and prescribing the circumstances under which such records may be destroyed;

*(g)* prescribing the procedure to be followed with respect to any matter in connection with the winding-up of corporations;

*(h)* prescribing the form and the contents of any return, notice or document provided for by this Act;

*(i)* prescribing when an additional copy or copies of documents to be lodged under this Act shall require to be lodged, and whether such

**Wysiging van artikel 377 van Wet 61 van 1973**

**18.** Artikel 377 van die Maatskappywet word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Behoudens die voorbehoudsbepaling by subartikel (1), indien 'n vakature om die een of ander rede nie aangevul word nie soos in hierdie artikel bepaal, kan die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n persoon as voorlopige likwidateur of as likwidateur aanstel om sodanige vakature aan te vul.".

**Wysiging van artikel 429 van Wet 61 van 1973**

**19.** Artikel 429 van die Maatskappywet word gewysig deur subparagraaf (i) van paragraaf *(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n voorlopige geregtelike bestuurder aanstel (wat nie die ouditeur van die maatskappy of 'n persoon wat kragtens hierdie Wet onbevoeg is om as likwidateur by 'n likwidasie aangestel te word, is nie) wat die sekerheid wat die Meester gelas, moet stel vir die behoorlike uitvoering van sy of haar pligte in sy of haar hoedanigheid as sodanig en wat die amp moet beklee totdat hy of sy deur die Hof daaruit ontslaan word soos bepaal in artikel 432(3)*(a)*;".

**Vervanging van artikel 10 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 38 van 1986 en artikel 4 van Wet 22 van 2001**

**20.** Artikel 10 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (hierna die Wet op Beslote Korporasies genoem), word deur die volgende artikel vervang:

**"Regulasies en beleid**

**10.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

*(a)* wat vir die bestuur en administrasie van die Registrasiekantoor voorsiening maak, en die praktyk en prosedure wat daarin gevolg moet word, voorskryf;

*(b)* wat die praktyk en prosedure voorskryf wat in die kantoor van die Meester in verband met die likwidasie van korporasies gevolg moet word;

*(c)* wat voorsiening maak vir die reproduksie van stukke met betrekking tot korporasies in die Registrasiekantoor of die kantoor van die Meester, deur middel van mikrofilm, mikrokaart, miniatuur- fotografiese proses, die omskepping in elektroniese formaat op 'n wyse wat toelaat dat sodanige stukke terug omskep kan word in hulle oorspronklike vorm sonder wysiging van hulle oorspronklike inhoud of vorm of 'n ander proses wat die Minister doelmatig ag;

*(d)* wat voorsiening maak vir die gebruik vir amptelike doeleindes en die toelaatbaarheid as getuienis in verrigtinge, hetsy in 'n geregshof of andersins, van 'n reproduksie beoog in paragraaf *(c)*;

*(e)* wat voorsiening maak vir die hou en bewaring van stukke, of enige reproduksies daarvan beoog in paragraaf *(c)*, in die Registrasiekantoor of die kantoor van die Meester, die verwydering uit daardie kantore van sodanige stukke of reproduksies en die bewaring daarvan op 'n ander plek, en wat die omstandighede voorskryf waaronder sodanige stukke of reproduksies vernietig kan word;

*(f)* wat voorskryf hoe stukke gehou mag word wat kragtens hierdie Wet deur 'n korporasie gehou moet word, en wat die omstandighede voorskryf waaronder sodanige stukke vernietig kan word;

*(g)* wat voorskryf watter prosedure gevolg moet word met betrekking tot enige aangeleentheid in verband met die likwidasie van korporasies;

*(h)* wat die vorm en die inhoud voorskryf van 'n opgawe, kennisgewing of dokument waarvoor deur hierdie Wet voorsiening gemaak word;

*(i)* wat voorskryf wanneer 'n verdere afskrif of afskrifte van dokumente ingedien te word kragtens hierdie Wet ingedien moet word, en of sodanige verdere afskrif of afskrifte in die vorm van 'n afskrif of

additional copy or copies shall be in the form of a copy or copies certified in a defined manner or shall be in duplicate original form;

*(j)* with the concurrence of the Minister of Finance, prescribing the matters in respect of which fees shall be payable, the persons by whom and to whom the fees shall be payable and the tariff of such fees;

*(k)* providing for a table of fees, subject to taxation by the Master, which shall be payable to a liquidator as remuneration;

*(l)* prescribing a tariff of remuneration payable to any person performing on behalf of a liquidator any act relating to the winding-up of a corporation which the liquidator is not required to perform personally, and prohibiting the charging or recovery of remuneration at a higher tariff than the tariff so prescribed;

*(m)* providing for the appointment by the Registrar in specified circumstances of an inspector to investigate the affairs of a corporation, for the powers of an inspector in conducting any such investigation, for the duty of any member, officer, employee or accounting officer of a corporation to make available books and documents in his or her custody or under his or her control and to afford such assistance as an inspector may require in connection with any such investigation; for reporting by an inspector to the Registrar; for the making available by the Registrar of any such report to other persons; for the admissibility of any such report as evidence in legal proceedings; and for defraying the expenses of, and in connection with, any such investigation;

*(n)* as to any other matter required or permitted by this Act to be prescribed; and

*(o)* generally, as to any matter which he or she considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved.

(1A) *(a)* The Minister may determine policy for the appointment of a liquidator by the Master in order to promote consistency, fairness, transparency and the achievement of equality for persons previously disadvantaged by unfair discrimination.

*(b)* Any policy determined in accordance with the provisions of paragraph *(a)* must be tabled in Parliament before publication in the *Gazette*.

(2) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding a fine **[of R300]** or imprisonment for a period of six months or both **[such]** a fine and such imprisonment.".

**Amendment of section 74 of Act 69 of 1984**

**21.** Section 74 of the Close Corporations Act is amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) For the purposes of conducting the proceedings in a winding-up of a corporation, the Master shall, in accordance with policy determined by the Minister, appoint a suitable natural person as liquidator.".

**Amendment of section 76 of Act 69 of 1984, as amended by section 14 of Act 38 of 1986**

**22.** Section 76 of the Close Corporations Act is amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(b)* if the person so nominated as sole liquidator has not or if all the persons so nominated have not been appointed by him or her, he or she shall, in accordance with policy determined by the Minister, appoint as liquidator or liquidators of the corporation concerned any other person or persons not disqualified from being liquidator of that corporation.".

afskrifte op 'n omskrewe wyse gesertifiseer of in duplikaat oorspronklike vorm moet wees;

*(j)* met die instemming van die Minister van Finansies, wat die aangeleenthede ten opsigte waarvan gelde betaalbaar is, die persone deur wie en aan wie die gelde betaalbaar is en die tarief van sodanige gelde voorskryf;

*(k)* wat 'n tabel van gelde, onderworpe aan taksasie deur die Meester, wat aan 'n likwidateur as besoldiging betaalbaar is, voorskryf;

*(l)* wat 'n tarief van besoldiging betaalbaar aan iemand wat namens 'n likwidateur 'n handeling betreffende die likwidasie van 'n korporasie verrig wat die likwidateur nie self hoef te verrig nie, voorskryf, en wat die heffing of verhaal van besoldiging teen 'n hoër tarief as die aldus voorgeskrewe tarief, verbied;

*(m)* wat voorsiening maak vir die aanstelling deur die Registrateur in vermelde omstandighede van 'n inspekteur om ondersoek in te stel na die sake van 'n korporasie, vir die bevoegdhede van 'n inspekteur by die hou van sodanige ondersoek, vir die verpligting van 'n lid, beampte, werknemer of rekeningkundige beampte van 'n korporasie om boeke en dokumente onder sy of haar toesig of beheer beskikbaar te stel en die hulp te verleen wat 'n inspekteur in verband met so 'n ondersoek vereis; vir verslagdoening deur 'n inspekteur aan die Registrateur; vir beskikbaarstelling deur die Registrateur van so 'n verslag aan ander persone; vir die toelaatbaarheid van sodanige verslag as getuienis in regsverrigtinge; en vir betaling van die koste van, en in verband met, so 'n ondersoek;

*(n)* aangaande enige ander aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en

*(o)* in die algemeen, aangaande enige aangeleentheid wat hy of sy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

(1A) *(a)* Die Minister kan die beleid bepaal vir die aanstelling deur die Meester van 'n likwidateur ten einde eenvormigheid, billikheid, deursigtigheid en die bereiking van gelykheid vir persone wat voorheen deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bevorder.

*(b)* Die beleid wat ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *(a)* bepaal word, moet voor publikasie in die *Staatskoerant* in die Parlement ter tafel gelê word.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, voorskryf wat 'n boete **[van R300]** of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande of **[daardie]** 'n boete sowel as daardie gevangenisstraf nie te bowe gaan nie.".

**Wysiging van artikel 74 van Wet 69 van 1984**

**21.** Artikel 74 van die Wet op Beslote Korporasies word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Vir die doel van die voer van die verrigtinge by 'n likwidasie van 'n korporasie, stel die Meester, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n geskikte natuurlike persoon aan as likwidateur.".

**Wysiging van artikel 76 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 38 van 1986**

**22.** Artikel 76 van die Wet op Beslote Korporasies word gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* indien die persoon aldus as enigste likwidateur benoem of indien al die persone aldus benoem, nie deur hom of haar aangestel is nie, stel hy of sy, ooreenkomstig die beleid wat deur die Minister bepaal is, 'n ander persoon of persone wat nie onbevoeg is om likwidateur van die betrokke korporasie te wees nie, as likwidateur of likwidateurs van daardie korporasie aan.".

**Short title and commencement**

**23.** This Act is called the Judicial Matters Amendment Act, 2003, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**23.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2003, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.